DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# Buitengewone Offisiële Koerant

*(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)*

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

# Official Gazette Extraordinary

*(Registered at the Post Office as a Newspaper)*

PRYS: S.A. 40c Plus 5c A.V.B. OORSEE: 50c PRICE: S.A. 40c Plus 5c G.S.T. OVERSEAS: 50c

Vol. 234 PRETORIA 28 FEBRUARIE 28 FEBRUARY 1991 4744

## Administrator's Notice

Administrator's Notice 123 28 February 1991

CITY COUNCIL OF DIEPMEADOW: BY-LAWS ON TARIFFS FOR CERTAIN SERVICES RENDERED AND FOR THE SUPPLY OR USE OF CERTAIN FACILITIES

In terms of section 27 of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No. 102 of 1982), the Administrator hereby publishes the by-laws that are contained in the schedule and which were made by the City Council of Diepmeadow with the approval of the Administrator.

SCHEDULE

**Definition**

1. In these By-laws, unless the context otherwise indicates —

"business premises" means any premises in the town which have been set aside for trading, business or professional purposes;

"City Council" means the City Council of Diepmeadow, established under the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No. 102 of 1982), and, with regard to anything done or to be done, also the appropriate department or person in the service of the City Council;

"holder" means a person —

(a) to whom premises in the town have been allocated;

(b) who has a right of leasehold as defined in section 1(1) of the Black Communities Development Act, 1984 (Act No. 4 of 1984), in respect of premises in the town;

(c) who has acquired ownership of premises in the town in terms of the Black Communities Development Act, 1984 (Act No. 4 of 1984);

(d) to whom a site permit or a certificate as defined in the Conversion of Certain Rights to Leasehold Act, 1988 (Act No. 81 of 1988), has been issued;

(e) who is referred to in section 6(1) of the Conversion of Certain rights to Leasehold Act, 1988 (Act No. 81 of 1988);

"hostel" means a building designed for human habitation, which consists of a suite of rooms that may be interconnected or detached, which includes a communal kitchen and sanitary, cleaning, laundry

## Administrateurskennisgewing

Administrateurskennisgewing 123 28 Februarie 1991

STADSRAAD VAN DIEPMEADOW: VERORDENINGE OOR TARIEWE VIR SEKERE DIENSTE GELEWER EN VIR DIE VOORSIENING OF GEBRUIK VAN SEKERE FASILITEITE

Ingevolge artikel 27 van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982), kondig die Administrateur hierby die verordeninge af wat in die Bylae vervat is en wat deur die Stadsraad van Diepmeadow met die goedkeuring van die Administrateur gemaak is.

BYLAE

**Woordomskrywing**

1. In hierdie Verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

"besigheidsperseel" enige perseel in die dorp wat vir handels-, besigheids- of professionele doeleindes afgesonder is;

"dorp" die gebied van die Stadsraad;

"houer" 'n persoon —

(a) aan wie 'n perseel in die dorp toegewys is;

(b) wat 'n reg van huurpag, soos omskryf in artikel 1(1) van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe (Wet No. 4 van 1984), ten opsigte van 'n perseel in die dorp het;

(c) wat eiendomsreg van 'n perseel in die dorp verkry het ingevolge die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet No. 4 van 1984);

(d) aan wie 'n perseelpermit of sertifikaat soos omskryf in die Wet op die Omsetting van Sekere Regte in Huurpag 1988 (Wet No. 81 van 1988) uitgereik is;

(e) na wie verwys word in artikel 6(1) van die Wet op die Omsetting van Sekere Regte in Huurpag, 1988 (Wet No. 81 van 1988);

"Stadsraad" die Stadsraad van Diepmeadow, ingestel ingevolge die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982), en, met betrekking tot enigiets wat gedoen is of gedoen moet word, ook die toepaslike departement of persoon in diens van die Stadsraad;

and other facilities, and which is an asset of the City Council;

"residential premises" means any premises in the town other than business premises;

"town" means the area of the City Council.

**Tariffs for miscellaneous services**

2. (1) A holder of residential premises shall pay to the City Council, for every month or part of every month that he is the holder of such premises, an amount of R23,00 for miscellaneous services rendered.

(2) For the purposes of subsection (1), "miscellaneous services" means all the services actually rendered by the City Council with regard to the matters set out in the Schedule to the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No. 102 of 1982), excluding such services for which tariffs are determined by any other section of these by-laws.

**Tariffs for electricity**

3. (1) A domestic consumer shall pay to the City Council for supplying electricity to his premises, an amount of 12 cents per kWh or part of every kWh of electricity consumed, subject to the following discounts —

| Number of kWh consumed during a month or part of a month | Discount |
|---|---|
| 1-250 | 33,3% |
| 251-350 | 25,0% |
| 351-450 | 20,0% |
| 451-550 | 15,0% |
| 551-650 | 10,0% |

(2) Where the consumption of electricity supplied is not metered or otherwise determinable, a domestic consumer shall pay to the City Council an amount of R33,80 per month or part of every month.

(3) For the purposes of this section "domestic consumer" means the occupier of a premises which is primarily used for residential purposes and to which the City Council supplies electricity primarily for domestic use and, in the case of such premises which is not occupied, the holder thereof, and include any other person to whom the City Council, by virtue of an agreement or other lawful cause, supplies electricity for domestic purposes at any premises.

(4) A consumer who is not a domestic consumer, and a bulk consumer, shall pay monthly to the City Council for supplying electricity to his premises, the applicable amounts set out hereunder:

(a) in the case of a consumer other than a domestic or bulk consumer, a basic amount of R21,50, and, in addition thereto an amount of R16,56 per kVA as well as five cents per kWh consumed;

(b) in the case of a bulk consumer —

(i) basic amount (single phase) ............. R5,00
(ii) basic amount (three phase) ............. R16,50
(iii) electricity consumed ............. 13c per kWh

"tehuis" 'n gebou ontwerp vir menslike bewoning, wat bestaan uit 'n stel vertrekke wat onderling verbind of losstaande is, wat 'n gemeenskaplike kombuis en sanitêre-, reinigings-, klerewas- en ander fasiliteite insluit en wat 'n bate van die Stadsraad is;

"woonperseel" enige perseel in die dorp wat nie 'n besigheidsperseel is nie.

**Tariewe vir diverse dienste**

1. (1) 'n Houer van 'n woonperseel betaal aan die Stadsraad, vir elke maand of gedeelte van elke maand wat hy die houer van so 'n perseel is, 'n bedrag van R23,00 vir diverse dienste gelewer.

(2) By die toepassing van subartikel (1) beteken "diverse dienste" al die dienste werklik deur die Stadsraad gelewer met betrekking tot die aangeleenthede uiteengesit in die Bylae by die Wet op die Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982), uitgesonderd sodanige dienste as waarvoor tariewe by enige ander artikel van hierdie Verordeninge bepaal word.

**Tariewe vir elektrisiteit**

3. (1) 'n Huishoudelike verbruiker betaal aan die Stadsraad vir die voorsiening van elektrisiteit aan sy perseel, 'n bedrag van 12c per kWh of gedeelte van elke kWh elektrisiteit verbruik, onderworpe aan die volgende kortings:

| Aantal kWh verbruik gedurende 'n maand of gedeelte van 'n maand | Korting |
|---|---|
| 1-250 | 33,3% |
| 251-350 | 25,0% |
| 351-450 | 20,0% |
| 451-550 | 15,0% |
| 551-650 | 10,0% |

(2) Waar die verbruik van elektrisiteit wat voorsien word nie gemeet word of andersins bepaalbaar is nie, betaal 'n huishoudelike verbruiker aan die Stadsraad 'n bedrag van R33,80 per maand of gedeelte van elke maand.

(3) By die toepassing van hierdie artikel beteken "huishoudelike verbruiker" die okkupeerder van 'n perseel wat hoofsaaklik vir woondoeleindes gebruik word en waaraan die Stadsraad elektrisiteit hoofsaaklik vir huishoudelike doeleindes voorsien en, in die geval van so 'n perseel wat nie geokkupeer word nie, die houer daarvan, en ook enigiemand anders aan wie die Stadsraad, uit hoofde van 'n ooreenkoms of ander wettige rede, elektrisiteit vir huishoudelike doeleindes by 'n perseel voorsien.

(4) 'n Verbruiker wat nie 'n huishoudelike verbruiker is nie, en 'n grootmaatverbruiker, betaal maandeliks aan Stadsraad vir die voorsiening van elektrisiteit aan sy perseel, die toepaslike bedrae hieronder uiteengesit: —

(a) in die geval van 'n verbruiker wat nie 'n huishoudelike- of grootmaatverbruiker is nie, 'n basiese bedrag van R21,50 en daarbenewens, 'n bedrag van R16,56 per kVA sowel as vyf sent per kWh verbruik;

(b) in die geval van 'n grootmaatverbruiker —

(i) basiese bedrag (enkelfase) ............... R5,00
(ii) basiese bedrag (driefase) .............. R16,50
(iii) elektrisiteitsverbruiker .......... 13c per kWh

(5) For the purposes of subsection (4), "bulk consumer" means a consumer who uses more than 50 kVA electricity during a calender month.

**Amount payable for purposes contemplated in Items 1, 2, 3, 20 and 23 of Schedule to Black Local Authorities Act, 1982.**

4. Every holder shall, on or before the seventh day of every month, pay to the City Council a fixed amount of R5,00 per month or part of every month for the purposes contemplated in items 1, 2, 3, 20 and 23 of the Schedule to the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No. 102 of 1982).

**Tariffs for accommodation in hostels**

5. A resident of a hostel shall pay in advance to the City Council the applicable amount set out hereunder:—

(a) Single hostels ...... R21,00 per resident per month;
(b) Family hostels ........ R35,00 per family per month;
(c) Single beds ............ R9,00 per person per month;
(d) General accommodation .................... R18,00 per person per month;
(e) Upgraded accommodation ................. R13,00 per person per months.

**Tariffs for use of community halls**

6. A person applying for the use of Diepkloof Hall, Diepkloof Hostel Hall, Meadowlands Hall or Meadowlands Zone 6 Hall, shall pay in advance to the City Council the applicable amount set out hereunder:—

(i) For use of the hall from 06:00 to 12:00 .................................... R90,00;
(ii) For use of the hall from 12:01 to 18:00 .................................... R100,00;
(iii) For use of the hall from 18:01 to 05:59 .................................... R150,00

**Times and places of payments**

7. (1) Any amount payable to the City Council in terms of these By-laws shall be paid during office hours at any office of the City Council set aside for that purpose.

(2) Unless otherwise provided for in these By-laws or any other law, such an amount shall be paid on or before the seventh day of the month following the month in which it became payable.

(3) for the purposes of subsection (1) "office hours" means the times between 07:45 and 13:00, and 13:30 and 15:45, on any Monday to Friday which is not a public holiday, and the times between 07:45 and 12:30 on any Saturday which is not a public holiday.

**Repeal of certain law**

8. The By-laws published under Government Notice 2235 of 31 October 1980, as amended by the By-laws published under Government Notice 145 of 28 January 1983, in so far as they relate to the City Council of Diepmeadow, are hereby repealed.

**Commencement**

9. These By-laws shall come into operation on the first day of the month following the date of publication hereof.

(5) By die toepassing van subartikel (4), beteken "grootmaatverbruiker" 'n verbruiker wat meer as 50 kVA elektrisiteit gedurende 'n kalendermaand verbruik.

**Bedrag betaalbaar vir doeleindes beoog in items 1, 2, 3, 20 en 23 van die Bylae by Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982.**

4. Elke houer betaal voor of op die sewende dag van elke maand aan die Stadsraad 'n vaste bedrag van R5,00 per maand of gedeelte van elke maand vir die doeleindes beoog in items 1, 2, 3, 20 en 23 van die Bylae tot die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982).

**Tariewe vir huisvesting in tehuise**

5. 'n Inwoner van 'n tehuis betaal vooruit aan die Stadsraad die toepaslike bedrag hieronder uiteengesit: —

(a) Tehuis vir enkellopendes ...................... R21,00 per inwoner per maand;
(b) Gesinstehuis .......... R35,00 per gesin per maand;
(c) Enkelbeddens ...... R9,00 per persoon per maand;
(d) Algemene huisvesting ........................ R18,00 per persoon per maand;
(e) Opgegradeerde huisvesting R13,00 per persoon per maand.

**Tariewe vir gebruik van gemeenskapsale**

6. 'n Persoon wat om die gebruik van die Diepkloofsaal, Diepklooftehuis, Meadowlandssaal of Meadowlands Zone 6 saal aansoek doen, betaal vooruit aan die Stadsraad die toepaslike bedrag hieronder uiteengesit:—

(i) Vir gebruik van die saal van 06:00 tot 12:00 ............................................... R90,00;
(ii) Vir gebruik van die saal van 12:01 tot 18:00 ............................................... R100,00;
(iii) Vir gebruik van die saal van 18:01 tot 05:59 ............................................... R150,00

**Tyd en plek van betaling**

7. (1) Enige bedrag betaalbaar aan die Stadsraad ingevolge hierdie Verordeninge, word betaal gedurende kantoorure by enige kantoor van die Stadsraad wat vir die doel afgesonder is.

(2) Behalwe vir sover in hierdie Verordeninge of enige ander wet anders bepaal word, moet so 'n bedrag betaal word voor of op die sewende dag van die maand wat volg op die maand waarin dit betaalbaar geword het.

(3) By die toepassing van subartikel (1) beteken "kantoorure" die tye tussen 07:45 en 13:00, en 13:30 en 15:45, op enige Maandag tot Vrydag wat nie 'n openbare feesdag is nie, en die tye tussen 7:45 en 12:30 op enige Saterdag wat nie 'n openbare feesdag is nie.

**Herroeping van sekere wet**

8. Die Verordeninge afgekondig by Goewermentskennisgewing 2235 van 31 Oktober 1980, soos gewysig deur die Verordeninge afgekondig by Goewermentskennisgewing 145 van 28 Januarie 1983, in soverre dit betrekking het op die Stadsraad van Diepmeadow, word hierby herroep.

**Inwerkingtreding**

9. Hierdie Verordeninge tree in werking op die eerste dag van die maand wat volg op die datum van publikasie hiervan.

Administrator's Notice 124 28 February 1991

CITY COUNCIL OF DOBSONVILLE: BY-LAWS ON TARIFFS FOR CERTAIN SERVICES RENDERED AND FOR THE SUPPLY OR USE OF CERTAIN FACILITIES

In terms of section 27 of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No. 102 of 1982), the Administrator hereby publishes the by-laws that are contained in the schedule and which were made by the City Council of Dobsonville with the approval of the Administrator.

SCHEDULE

**Definition**

1. In these By-laws, unless the context otherwise indicates —

"business premises" means any premises in the town which have been set aside for trading, business or professional purposes, and "business" has a corresponding meaning;

"City Council" means the City Council of Dobsonville, established under the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No. 102 of 1982), and, with regard to anything done or to be done, also the appropriate department or person in the service of the City Council;

"holder" means a person —

(a) to whom premises in the town have been allocated;

(b) who has a right of leasehold as defined in section 1(1) of the Black Communities Development Act, 1984 (Act No. 4 of 1984), in respect of premises in the town;

(c) who has acquired ownership of premises in the town in terms of the Black Communities Development Act, 1984 (Act No. 4 of 1984);

(d) to whom a site permit or a certificate as defined in the Conversion of Certain Rights to Leasehold Act, 1988 (Act No. 81 of 1988), has been issued; and

(e) who is referred to in section 6(1) of the Conversion of Certain Rights to Leasehold Act, 1988 (Act No. 81 of 1988);

"hostel" means a building designed for human habitation, which consists of a suite of rooms that may be interconnected or detached, which includes a communal kitchen and sanitary, cleaning, laundry and other facilities, and which is an asset of the City Council;

"residential premises" means any premises in the town other than business, church or school premises;

"town" means the area of the City Council of Dobsonville.

**Tariffs for miscellaneous services**

2. (1) A holder of residential premises shall pay to the City Council, for every month or part of every month that he is the holder of such premises, an amount of R23,00 for miscellaneous services rendered.

(2) For the purposes of subsection (1), "miscellaneous services" means all the services actually rendered by the City Council with regard to the matters set out in the Schedule to the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No. 102 of 1982), excluding such services for which tariffs are determined by any other section of these by-laws.

Administrateurskennisgewing 124 28 Februarie 1991

STADSRAAD VAN DOBSONVILLE: VERORDENINGE OOR TARIEWE VIR SEKERE DIENSTE GELEWER EN VIR DIE VOORSIENING OF GEBRUIK VAN SEKERE FASILITEITE

Ingevolge artikel 27 van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982), kondig die Administrateur hierby die verordeninge af wat in die Bylae vervat is en wat deur die Stadsraad van Dobsonville met die goedkeuring van die Administrateur gemaak is.

BYLAE

**Woordomskrywing**

1. In hierdie Verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

"besigheidsperseel" enige perseel in die dorp wat vir handels-, besigheids- of professionele doeleindes afgesonder is, en het "besigheid" 'n ooreenstemmende betekenis;

"dorp" die gebied van die Stadsraad van Dobsonville;

"houer" 'n persoon —

(a) aan wie 'n perseel in die dorp toegewys is;

(b) wat 'n reg van huurpag, soos omskryf in artikel 1(1) van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe (Wet No. 4 van 1984), ten opsigte van 'n perseel in die dorp het;

(c) wat eiendomsreg van 'n perseel in die dorp verkry het ingevolge die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet No. 4 van 1984);

(d) aan wie 'n perseelpermit of sertifikaat soos omskryf in die Wet op die Omsetting van Sekere Regte in Huurpag, 1988 (Wet No. 81 van 1988), uitgereik is; en

(e) na wie verwys word in artikel 6(1) van die Wet op die Omsetting van Sekere Regte in Huurpag, 1988 (Wet No. 81 van 1988);

"Stadsraad" die Stadsraad van Dobsonville, ingestel ingevolge die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982), en, met betrekking tot enigiets wat gedoen is of gedoen moet word, ook die toepaslike departement of persoon in diens van die Stadsraad;

"tehuis" 'n gebou ontwerp vir menslike bewoning, wat bestaan uit 'n stel vertrekke wat onderling verbind of losstaande is, wat 'n gemeenskaplike kombuis en sanitêre-, reinigings-, klerewas- en ander fasiliteite kan insluit en wat 'n bate van die Stadsraad is; en

"woonperseel" enige perseel in die dorp wat nie 'n besigheids-, kerk- of skoolperseel is nie.

**Tariewe vir diverse dienste**

2. (1) 'n Houer van 'n woonperseel betaal aan die Stadsraad, vir elke maand of gedeelte van elke maand wat hy die houer van so 'n perseel is, 'n bedrag van R23,00 vir diverse dienste gelewer.

(2) By die toepassing van subartikel (1) beteken "diverse dienste" al die dienste werklik deur die Stadsraad gelewer met betrekking tot die aangeleenthede uiteengesit in die Bylae by die Wet op die Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982), uitgesonderd sodanige dienste as waarvoor tariewe by enige ander artikel van hierdie Verordeninge bepaal word.

**Tariffs for electricity**

3. (1) A domestic consumer shall pay to the City Council for supplying electricity to his premises, an amount of 12c per kWh or part of every kWh of electricity consumed, subject to the following discounts—

| Number of kWh consumed during a month or part of a month | Discount |
|---|---|
| 1-250 | 33,3% |
| 251-350 | 25,0% |
| 351-450 | 20,0% |
| 451-550 | 15,0% |
| 551-650 | 10,0% |

(2) Where the consumption of electricity supplied is not metered or otherwise determinable, a domestic consumer shall pay to the City Council per month or part of every month an amount based on 400 kWh consumed, subject to the discount set out in subsection (1).

(3) For the purposes of this section "domestic consumer" means the occupier of premises which are primarily used for residential purposes and to which the City Council supplies electricity primarily for domestic use and, in the case of such premises which are not occupied, the holder thereof, and includes any other person to whom the City Council, by virtue of an agreement of other lawful cause, supplies electricity for domestic purposes at any premises.

(4) A consumer who is not a domestic consumer, and a bulk consumer, shall pay monthly to the City Council for supplying electricity to his premises, the applicable amounts set out hereunder:

(a) in the case of a consumer other than a domestic or bulk consumer, a basic amount of R21,50, and, in addition thereto, an amount of R16,56 per kVA as well as five cents per kWh consumed;

(b) in the case of a bulk consumer —

(i) basic amount (single phase) ............ R5,00
(ii) basic amount (three phase) ............ R16,50
(iii) electricity consumed ............ 13c per kWh

(5) For the purposes of subsection (4), "bulk consumer" means a consumer who uses more than 50 kVA electricity during a calendar month.

**Amount payable for purposes contemplated in Items 1, 2, 3, 20 and 23 of Schedule to Black Local Authorities Act, 1982.**

4. Every holder shall, on or before the seventh day of every month, pay to the City Council a fixed amount of R5,00 per month or part of every month for the purposes contemplated in items 1, 2, 3, 20 and 23 of the Schedule to the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No. 102 of 1982).

**Tariffs for accommodation in hostel**

5. A resident of a hostel shall pay in advance to the City Council per month or part of a month the applicable amount set out hereunder:—

**Tariewe vir elektrisiteit**

3. (1) 'n Huishoudelike verbruiker betaal aan die Stadsraad vir die voorsiening van elektrisiteit aan sy perseel, 'n bedrag van 12c per kWh of gedeelte van elke kWh elektrisiteit verbruik, onderworpe aan die volgende kortings:

| Aantal kWh verbruik gedurende 'n maand of gedeelte van 'n maand | Korting |
|---|---|
| 1-250 | 33,3% |
| 251-350 | 25,0% |
| 351-450 | 20,0% |
| 451-550 | 15,0% |
| 551-650 | 10,0% |

(2) Waar die verbruik van elektrisiteit wat voorsien word nie gemeet word of andersins bepaalbaar is nie, betaal 'n huishoudelike verbruiker aan die Stadsraad 'n bedrag per maand of gedeelte van elke maand gebaseer op 400 kWh verbruik, onderworpe aan die korting uiteengesit in subartikel (1).

(3) By die toepassing van hierdie artikel beteken "huishoudelike verbruiker" die okkupeerder van 'n perseel wat hoofsaaklik vir woondoeleindes gebruik word en waaraan die Stadsraad elektrisiteit hoofsaaklik vir huishoudelike doeleindes voorsien en, in die geval van sodanige perseel wat nie geokupeer word nie, die houer daarvan, en ook enigiemand anders aan wie die Stadsraad, uit hoofde van 'n ooreenkoms of ander wettige rede, elektrisiteit vir huishoudelike doeleindes by 'n perseel voorsien.

(4) 'n Verbruiker wat nie 'n huishoudelike verbruiker is nie, en 'n grootmaatverbruiker, betaal maandeliks aan Stadsraad vir die voorsiening van elektrisiteit aan sy perseel, die toepaslike bedrae hieronder uiteengesit: —

(a) in die geval van 'n verbruiker wat nie 'n huishoudelike- of grootmaatverbruiker is nie, 'n basiese bedrag van R21,50 en daarbenewens, 'n bedrag van R16,56 per kVA sowel as vyf sent per kWh verbruik;

(b) in die geval van 'n grootmaatverbruiker—

(i) basiese bedrag (enkelfase) ............... R5,00
(ii) basiese bedrag (driefase) .............. R16,50
(iii) elektrisiteitsverbruiker .......... 13c per kWh

(5) By die toepassing van subartikel (4), beteken "grootmaatverbruiker" 'n verbruiker wat meer as 50 kVA elektrisiteit gedurende 'n kalendermaand verbruik.

**Bedrag betaalbaar vir doeleindes beoog in items 1, 2, 3, 20 en 23 van die Bylae by Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982.**

4. Elke houer betaal voor of op die sewende dag van elke maand aan die Stadsraad 'n vaste bedrag van R5,00 per maand of gedeelte van elke maand vir die doeleindes beoog in items 1, 2, 3, 20 en 23 van die Bylae tot die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982).

**Tariewe vir huisvesting in tehuise**

5. 'n Inwoner van 'n tehuis betaal vooruit aan die Stadsraad per maand of gedeelte van 'n maand die toepaslike bedrag hieronder uiteengesit: —

(a) In the case of a resident who is single ....... R18,00;
(b) In the case of a resident and not more than seven dependants who occupy a single room which has not been upgraded and who share a community kitchen ........................................... R35,00.

**Tariffs for use of community halls**

6. A person applying for the use of a community hall shall pay on application to the City Council the applicable amount set out hereunder:

(i) For use of the hall from 06:00 to 12:00 ..................................... R60,00;
(ii) For use of the hall from 12:01 to 18:00 ..................................... R70,00;
(iii) For use of the hall from 18:01 to 24:00 ..................................... R90,00;
(iv) For use of the hall per full day (24 hours) ........................................... R120,00.

**Fees for entrance to swimming pool terrain**

7. A person who wishes to enter the swimming pool terrain shall pay in advance to the City Council the applicable amount set out hereunder:

(a) Swimmers:

(i) In respect of a person who is 18 years or older ........................................R1,00;
(ii) In respect of a person who is under the age of 18 years .................................R0,50.

(b) Spectators:

(i) In respect of a person who is 18 years or older ........................................R1,00;
(ii) In respect of a person who is under the age of 18 years .................................R0,50.

**Times and place of payment**

8. (1) Any amount payable to the City Council in terms of these By-laws shall be paid during office hours at any office of the City Council set aside for that purpose.

(2) Unless otherwise provided for in these By-laws or any other law, such amount shall be paid on or before the seventh day of the month following the month in which it became payable.

(3) For the purposes of subsection (1) "office hours" means the times between 07:30 and 14:30 on any Monday to Friday which is not a public holiday, and the times between 07:30 and 10:30 on any Saturday which is not a public holiday.

**Repeal of certain law**

9. The By-laws published under Government Notice 1402 of 4 July 1980, as amended by the By-laws published under Government Notice 458 of 25 February 1983 in so far as they relate to the City Council of Dobsonville, are hereby repealed.

**Commencement**

10. These By-laws shall come into operation on the first day of the month following the date of publication hereof.

(a) In die geval van 'n inwoner wat eenlopend is ..................................................... R18,00;
(b) In die geval van 'n inwoner en hoogstens sewe afhanklikes wat 'n enkelkamer wat nog nie opgegradeer is nie okkupeer en 'n gemeenskaplike kombuis deel..................................... R35,00

**Tariewe vir gebruik van gemeenskapsale**

6. Iemand wat om die gebruik van 'n gemeenskapsaal aansoek doen, betaal by aansoek aan die Stadsraad die toepaslike bedrag hieronder uiteengesit:

(i) Vir gebruik van die saal van 06:00 tot 12:00 ............................................. R60,00;
(ii) Vir gebruik van die saal van 12:01 tot 18:00 ............................................. R70,00;
(iii) Vir gebruik van die saal van 18:01 tot 24:00 ............................................. R90,00;
(iv) Vir die gebruik van die saal vir 'n vol dag (24 uur) ................................. R120,00

**Gelde vir toegang tot swembadterrein**

7. Iemand wat die swembadterrein wil binnegaan betaal vooruit aan die Stadsraad die toepaslike bedrag hieronder uiteengesit:

(a) Swemmers:

(i) Ten opsigte van iemand wat 18 jaar of ouer is ........................................... R1,00;
(ii) Ten opsigte van iemand wat onder die ouderdom van 18 jaar oud is ............... R0,50

(b) Toeskouers:

(i) Ten opsigte van iemand wat 18 jaar of ouer is ........................................... R1,00;
(ii) Ten opsigte van iemand wat onder die ouderdom van 18 jaar oud is ............... R0,50

**Tyd en plek van betaling**

8. (1) Enige bedrag betaalbaar aan die Stadsraad ingevolge hierdie Verordeninge, word betaal gedurende kantoorure by enige kantoor van die Stadsraad wat vir die doel afgesonder is.

(2) Behalwe vir sover in hierdie Verordeninge of enige ander wet anders bepaal word, moet so 'n bedrag betaal word voor of op die sewende dag van die maand wat volg op die maand waarin dit betaalbaar geword het.

(3) By die toepassing van subartikel (1) beteken "kantoorure" die tye tussen 07:30 en 14:30, op enige Maandag tot Vrydag wat nie 'n openbare feesdag is nie, en die tye tussen 07:30 en 10:30 op enige Saterdag wat nie 'n openbare feesdag is nie.

**Herroeping van sekere Wet**

9. Die Verordeninge afgekondig by Goewermentskennisgewing 1402 van 4 Julie 1980, soos gewysig deur die Verordeninge afgekondig by Goewermentskennisgewing 458 van 25 Februarie 1983 soverre dit betrekking het op die Stadsraad van Dobsonville, word hierby herroep.

**Inwerkingtreding**

10. Hierdie Verordeninge tree in werking op die eerste dag van die maand wat volg op die datum van publikasie hiervan.

Printed for the Transvaal Provincial Administration, Pta by Aurora Printers, 161 Mitchell Street, Pretoria West.

Gedruk vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pta deur Aurora Drukpers, Mitchellstraat 161, Pretoria-Wes.